Sukses is... om ‘n getroue teenwoordigheid te handhaaf te midde van die kulturele oorloë van ons dag (Matteus 10:16-20).

Verkiesingsjaar 2024

Op 29 Mei 2024 gaan Suid-Afrika stembus toe vir ‘n historiese verkiesing. Dit is egter nie net ons land wat vanjaar ‘n verkiesing het nie – 2024 word bestempel as die grootste verkiesingsjaar in die wêreld se geskiedenis tot dusver. 64 lande (asook die Europese Unie) vind vanjaar hulle weg na die stembus. Dit sluit lande soos Taiwan, Pakistan, Indië, Rusland, Meksiko, Iran, die Verenigde Koninkryk, Oezbekistan, Oekraine, Algerië, Ghana, Mosambiek, Botswana en Namibië in. Hierdie lande verteenwoordig altesaam 49% van die wêreld se populasie (byna 4 biljoen mense!).



Politiekery

Dit beteken natuurlik ook dat daar wêreldwyd agter die beweging om te stem ‘n groot klomp politiekery aan die gang is. M.a.w. is daar in al hierdie lande verskillende magsgroeperings en leiers wat probeer om aandag te trek deur hulle ideologieë en idees so luidkeels as moontlik (en op so veel as moontlik platvorms) te verkondig. Hulle vuur die kulturele oorloë van die dag aan vir eie gewin om soveel moontlik aandag te trek. Almal kompeteer vir invloed en beheer.

Alhoewel vanjaar ‘n unieke verkiesingsjaar is, is die realiteit van dít wat agter die stemmery staan, iets wat nog altyd deel was van hoe die wêreld werk. In die vierde eeu voor Christus het Aristoteles al na die mens as “politieke dier” verwys. So was dit deur die eeue heen – ook in die tyd waarin die Evangelies geskryf is.

Die (politieke) agtergrond van Matteus

Die Jerusalem-omgewing van die dag was ‘n brandpunt van politieke aktiwiteit met ‘n lang geskiedenis van politieke drama. Gedurende die tyd waarin Matteus geskryf is, was die Romeine aan bewind. Die Romeine het goewerneurs (soos die bekende Pontius Pilates) aangestel om te help regeer. Hierdie goewerneurs het heeltyd druk beleef om die Joodse leiers – en die groot invloed wat hulle gehad – te beheer. Om hierdie situasie te systap en

om hulle invloed te behou en te versterk, het hulle ook verder konings met volmag aangestel om oor sekere grondgebiede te heers. Herodus van Antipas was so ‘n koning. In sy regeringstyd het die onrus tussen die Jode en die Romeine bly groei tot so 'n mate dat dit later sou lei tot die uitbreek van ‘n volskaalse oorlog in die jaar 66.

Jesus stuur die dissipels uit

Dit is te midde van hierdie spanning tussen die Jode en Romeine waar die Evangelie afspeel – waar Jesus mens word, sy bediening begin en sy dissipels uitstuur. Dit is opvallend dat Hy hulle nie *uit* hierdie wêreld roep nie, maar juis *in hierdie wêreld in.* Hy roep hulle om te midde van keisers en konings oor die ware Koning en die komende Koninkryk van God te getuig.

Hy waarsku hulle dat hulle teenkanting sal kry (daarom sê hy dat hulle soos skape tussen wolwe sal wees), maar gee aan hulle dan ‘n vreemde opdrag: om so versigtig soos slange en so opreg soos duiwe te wees (Matteus 10:16).

Slange en Duiwe

Dit is interessant dat die woord wat hier as “versigtig” vertaal word (die Griekse woord *phronimoi*) ook as “skerpsinnig” en “wakker” vertaal kan word. In Engels is dit die woord “shrewd” wat ook “wys bo jou ouderdom”, “oplettend” en “skrander” kan beteken. Martin Luther King het sover gegaan om te sê dat om so versigtig soos ‘n slang te wees beteken om ‘n *taai* kop te hê; om selfs by tye hardkoppig te wees sodat jy regdeur die valse boodskappe en beloftes wat so dikwels deur die mense in mag gemaak word, te sien. Dit is om vas te staan in jou oortuigings wanneer maklike antwoorde en halfgebakte oplossings aan jou gegee word.

Martin Luther King stel dit teenoor “sagkoppigheid”. Vir hom beteken iemand wat ‘n sagte kop het iemand wat bang is vir verandering; iemand wat hulle ore eerder uitleen aan elke paaiende belofte wat sê niks sal van jou gevra word om aan te pas nie. Dit is iemand wat altyd veilig voel met die status quo en wat eerder niks wil doen om aanstoot te gee nie; wat nie wil nadink oor enige iets wat hulle ongemaklik maak nie.

Om egter alleenlik net so versigtig soos ‘n slang te wees het ongelukkig die nadeel dat dit mens net so gevaarlik soos ‘n slang kan maak. Dit is mense wat deur hulle woorde kwetsend is, wat aspris seermaak, wat die waarheid op so ‘n manier vertel dat die persoon wat daarna luister eerder wegskram. Daarom moet die dissipels ook so opreg, so sagmoedig (in Grieks, *akeraioi*) wees soos duiwe. Die opregtheid van duiwe word ten nouste met liefde verbind – Godself is immers liefde en ‘n persoon wat net hardkoppig is kan nie ten volle liefhê nie. Slange het duiwe nodig.

Vir Martin Luther King was dit juis die kombinasie van taaiheid en teerheid (“toughness and tenderness”) wat die dissipels se roeping in die wêreld (gelaai met spanning en konflik en stemme wat so hard moontlik probeer om aandag te trek) ánders gemaak het. Hulle het dít beliggaam wat Martin Luther King oor God verwoord het: *“God has two outstretched arms. One is strong enough to surround us with justice, and one is gentle enough to embrace us with grace.”*

Ons eie konteks

In die lig van dít wat tans in ons eie land en gemeenskappe gebeur, konfronteer die opdrag van Jesus aan sy dissipels ook ons: **Hoe is ons slange en duiwe vandag?**